

**God se raadsplan is nie aan menslike maatstawwe gebind nie**

Josef se twee seuns, Manasse en Efraim, word altwee deur Jakob as sy eie aangeneem en deur hom geseën. Hulle word stamvaders in eie reg. Vir Josef is daar 'n dubbele seën, soos vir 'n oudste seun. Twee van die twaalf stamme van Israel sou uit Josef se nageslag kom.

Tog ontvang Josef nie die belangrikste seën nie. Dit word vir Juda gebêre (Gen 49:8-12). Dit is 'n verrassing, want 'n mens sou dink dat Jakob die belangrikste seën vir sy lieflingseun, Josef, sou gee. God laat dinge egter anders gebeur as wat 'n mens sou verwag.

Dit word ook duidelik in die wyse waarop Jakob vir Manasse en Efraim seën. Destyds is die regterkant as 'n ereplek beskou. Daarom bring Josef die oudste, Manasse, na Jakob se regterhand toe. Maar Jakob kruis sy hande en lê sy linkerhand op die oudste en sy regterhand op die jongste, Efraim.

God kan nie aan menslike maatstawwe gebind word nie. Soms lê Hy deur die dood sy hand op 'n kindjie of 'n jongmens in die fleur van sy lewe, maar die bedlêende bejaarde of verminkte bly nog lewe. Dan wil ons dikwels soos Josef sê: "Dit hoort nie so nie, Pa!" Ons hemelse Vader maak egter nie 'n fout nie. Hy weet wat Hy doen.

God kan in sy genadewerking nie voorgeskryf word nie. Hy gee sy genade aan wie Hy wil en wanneer Hy wil. Baie van dié vir wie Christus gesterf het, sou nie deur mense gekies gewees het nie.

Sing: Psalm 145:10

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)